Tjokkies Preprimêr
TEL: 051-522 3628
preprim@tjokkies.co.za

# Tjokkiebrief

Kw. 3 NUUSBRIEF 2
13 Augustus 2025

**Die Primêre skool kom Vrydag 12:00 uit.**

Kleuters mag ook dan afgehaal word, maar ons Tjokkie Lympics middag en middagsorg gaan steeds voort.

Tjokkies

## Tjokkie-Lympics Kleuter Sportdag

**Vrydag 15 Augustus vanaf 13:30 vir Graad R.** Kleuters trek Tjokkiesportdrag aan. Seuns kaalvoet, dogtertjies tekkies. Geen langbroeke nie asb.



**PROGRAM**

13:15 Meld by paviljoen aan

13:30 Opening

13:35 Atletiek

13:50 Netbal

14:15 Rugby

14:40 Springtou afshow

14:45 Medalje oorhandiging

15:00 Verdaag






(Tye kan 'n bietjie aangepas word volgens kleuters se tempo)

Die doel van hierdie dag is om ons kleuters aan wedstrydjies bloot te stel, want vir party is dit nog nuut. Ons eie spannetjies speel teen mekaar, nie teen 'n ander skool nie.

Middagkleuters wie se ouers hul nie self kan neem om aan te meld nie, kan soos gewoonlik by die skool eet en word dan na die paviljoen geneem. Ouers van hierdie kleuters, tref asb 'n reëling met juffrou Lee-Ann.

Die Snoepie sal oop wees.

Onthou dat kleuters wat reeds leer touspring het, hul vaardigheid Vrydag sal kan wys. Dis nie verpligtend dat 'n kleuter aan die touspring deelneem nie, maar dis noodsaaklik dat 'n kleuter moet kan touspring voor Gr 1! Moedig hul dus aan en help hul om dit te bemeester.



# Wys en Vertel

"Wys-en-vertel" is 'n lekker en leersame aktiwiteit. Dit het egter 'n bietjie ouerleiding nodig. Lees asseblief die onderstaande deeglik deur om uself te vergewis van wat dit behels.

## Kom ons Wys en vertel

**Dit is vir die kleuters baie lekker om iets vir die maatjies te kom wys en iets daaroor te vertel. Party is nog 'n bietjie skaam, ander wil weer die hele tyd vertel. Daarom moet ons dit so 'n bietjie organiseer. Dit is amper soos 'n "mondeling" van die grootskool-maats, maar geen punte word toegeken nie en geen plakkate word benodig nie. Elke kleuter gaan slegs één beurt kry om iets konkreets te kom wys en vertel. Die rooster sal deur elke klasjuffrou aan u deurgegee word.**



**Dit begin in die week van 18 Augustus vir die verloop van die kwartaal.**

**LET OP:**

- **Die item waaroor vertel gaan word, moet verkieslik in die Tjokkiesak pas.**
- **Geen speelgoed, lewende hawe, troeteldiere of duur, waardevolle óf gevaarlike items mag saamgebring word nie. Let wel: Nié 'n speeding nie!**
- **Kies iets uit die huis of tuin wat kleuters sal interesseer of waarvan hul meer kan leer. Dit kan regtig iets eenvoudig wees.**
- **Hou by die kleuter se eie woorde en gee slegs leiding rondom enkele feite.**

Daar was al in die verlede die oulikste vertellings, van pampoenpitte tot verestoffers!

*Die hele vertelling moenie langer as 2 tot 3 minute neem nie!*

Hierdie is 'n belangrike deel van die kleuters se ontwikkeling. Dit leer hulle om inligting en ware feite te bedink en weer te gee. Dit bou selfvertroue en leer hul ook om te luister en respek te hê vir 'n ander se vertelling. Juffrou is deurentyd daar om te help of moed te gee waar nodig.

*Ons sien daarna uit om te kyk én luister na die wys en vertel!*

# Konsert 2025




**By Tjokkies Preprimêr hou elke jaar 'n kleuter konsert, daarom is ons opgewonde om aan vanjaar se konsert aan te kondig:**

Die konsert is altyd 'n hoogtepunt waarna groot en klein, oud en jonk uitsien. Ons poog om dit vir ieder en elk 'n spesiale geleentheid maak. Om so 'n produksie aan te bied behels baie reëlings, maak asseblief seker dat u op hoogte is van alle reëlings.

## Konsertfooi:

'n Konsert deelname-fooi van **R230 per kleuter** (vir alle kleuters) word gehef. Dit behels dat u *nie* 'n kostuum hoef te voorsien of aan te koop vir u kleuter nie.

Die fooi sluit die volgende in:

- Huur van kostuum en bybehore
- Dekor en grimering
- Kleuter geskenkpakkie met 'n geskenkie en lekkernye vir elke kleuter




Betaling hiervan is reeds oop op Karri en sluit 19 September.

## Konsertkaartjies:

Die toegangsfooi vir die konsert is R120 per persoon en R50 vir kinders 11 jaar en jonger. Bespreking en betaling word op Karri gedoen en open op 1 Oktober om 05h00 en sluit op 31 Oktober om 23h00.




***Ons kan nie wag om konsert te hou nie!*** ***Verdere reëlings volg volgende kwartaal.***



# Kalender

Hou asb die kalender dop om op hoogte te bly van alles wat gebeur.

